Ontmoeting 6

Tabita

Kinders beleef deur die storie van Tabita dat ŉ Christenvrou se invloed op haar gemeenskap ander mense tot geloof kan bring.

Teks: Handelinge 9:36–43
Hulpmiddels:

- ŉ Tou of stukkie wol gespan tussen 2 stokke/pilare/besems in vertrek
- ŉ Sak ou klere (met ŉ paar skoene) en ŉ wit lap
- Groter weergawes van die prente om die verhaal te vertel
- Wasgoedpennetjies
- Afdrukke van die aktiwiteit
- Roomysstokkies (2 vir elke kind)
- Gom
- Papier en kryte vir kinders om te teken
- A4–bladsy/karton (1 vir elke kind)

Welkom

Keuse van speletjies met kledingstukke:

- Kry sommer ŉ sak klere by die klerebank en hou ŉ aantrek resies. Kinders sit in ŉ ry agter mekaar. Die voorste persoon neem ŉ kledingstuk uit die sak, trek dit aan en uit en gee dit oor hul kop aan na die persoon agter hom/haar. So word die klere aangetrek en aangegee tot by die laaste kind in die ry.
- Gee aan die groep/elke groep ŉ paar kledingstukke en gee kans dat hulle een van hul lede soos ŉ mannekyn aantrek op ŉ kreatiewe manier. Hou ŉ vinnige modeparade.
- Indien jy ŉ paar ekstra groot kledingstukke het, kyk hoeveel kinders kan dieselfde kledingstuk gelyk aantrek.

Wyding

Stilword–ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Span vooraf ŉ stuk tou of wol in die vertrek waar die ontmoeting gedoen word. Gebruik wasgoedpennetjies om die hulpmiddels vas te steek aan die "wasgoedlyn" soos die storie vertel word. Jy kan regte kledingstukke gebruik of die prente wat voorsien word.
Ons ontmoet vandag nog ŉ "vreemde vrou" in die Bybel. Iets baie, baie vreemds het met haar gebeur. Kom ons luister daarna...
Teks: Handelinge 9:36–43 (Die Boodskap vertaling)

In Joppe, 'n entjie van Lidda af, het 'n volgeling van Jesus gebly met die naam Tabita. *(Hang die rokkie op die draad.)* Haar naam beteken "Wildsbokkie". Sy het baie omgegee vir ander mense. Waar sy kon, het sy die armes gehelp en goeie dinge vir ander mense gedoen. *(Hang die voorskoot op die draad.)*
Juis in daardie tyd toe Petrus in die omgewing was, het Tabita ernstig siek geword. Kort daarna is sy oorlede. (*Hang die wit lap op.)* Ander gelowiges het haar liggaam gereed gemaak vir die begrafnis. Hulle het haar gewas en in 'n bokamer uitgelê. Die gelowiges het gehoor dat Petrus daar naby in Lidda was. Hulle het twee mans soontoe gestuur om hom te smeek om gou-gou Joppe toe te kom.
Petrus was dadelik bereid om saam met hulle te gaan. In Joppe aangekom, het hy saam met hulle na die bokamer gegaan waar Tabita se liggaam gelê het. 'n Klompie van haar vriendinne, almal weduwees, het daar om haar gestaan. Hulle was baie hartseer. *(Hang die hartseer gesiggie op.)* Hulle het vir Petrus van die klere gewys wat sy gemaak het toe sy nog geleef het. Petrus het vir almal gevra om buite te gaan wag. Daarna het hy op sy knieë neergeval en begin bid. Toe kyk hy na haar en sê vir haar: "Tabita, staan op!" Tabita het dadelik haar oë oopgemaak. Toe sy Petrus sien, het sy regop gesit. Hy het haar hand gevat en haar gehelp om op te staan. *(Hang die skoene op die draad of plaas regte skoene onder die rokkie wat hang.)* Petrus het toe vir die gelowiges en die weduwees wat buite die deur gewag het, binnetoe geroep. Toe hulle in die kamer kom, sien hulle dat Tabita weer lewe. Hierdie nuus het soos 'n veldbrand deur Joppe versprei. *(Hang die vlammetjie op die draad met die pennetjies wat dit van onder af vashou.)* Dit het gemaak dat baie mense in die Here begin glo het. *(Hang die papiermannetjies op die draad.)*

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder van watter deel van die verhaal hou jy die meeste.
2. Ek wonder watter deel van die verhaal sou jy wou verander.
3. Ek wonder hoe jy sou reageer as jy by was toe dit gebeur het.
4. Ek wonder of jy aan nog iemand kan dink wie se storie ander mense in die Here laat glo het.
5. Ek wonder waar jy in die gemeenskap kan help.

Werskaf

- Gee aan elke kind 'n papier en kryte waarop hulle die belangrikste deel van die storie kan teken.
- Gee vir elke kind 'n afdruk met die prente wat in die ontmoeting gebruik is (net kleiner). Deel vir elke kind ook 2 roomysstokkies, 'n stukkie wol en 'n skoon A4-papier of -karton uit. Laat hulle die prentjies inkleur, uitknip en op die skoon A4-karton 'n wasgoedlyn maak met die roomysstokkies en wol. Die prentjies word in volgorde daarop geplak.
- Gee kans dat kinders in groepies die storie weer vir mekaar vertel met die hulpmiddels wat hulle gemaak het of met die groot hulpmiddel wat jy gebruik het om die verhaal te vertel. (Hierdie hulpmiddels is ideaal om te gebruik as 'n "huis toe vat"- aktiwiteit.)
- Kies 'n instansie om te ondersteun. Maak vir hulle iets bymekaar en skenk dit aan hulle.

Sluit af met die seënbede
Die kinders sit of staan in 'n sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regterhand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om 'n seënwens aan te gee: Iemand begin om hul regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die seënbede in die rondte aan. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":
Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën; **En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.**






Fold
Fold
Fold